

Hoe word 'n kworum vasgestel?

TERTIUS
MAREE



DEELTITEL
FORUM

Ek het die afgelope week die eerste keer van sogenaamde webinaartegnologie gebruik gemaak om 'n slypskool aan te bied. Afgesien van aansienlike senuprobleme aan my kant het dit verbasend goed verloop.

Om met meer as 100 mense “ongesiens” te praat en hul vrae en kommentaar te “verwerk”, is 'n ondervinding waaraan 'n mens moet gewoon raak om dit vlot te laat verloop.

Dit is normaalweg natuurlik heeltemal moontlik om die gehoor te kan sien, maar weens die aard van my aanbieding kon ek en die gehoor mekaar nie sien nie.

Die toekoms

Ek is nogtans oortuig dat hierdie tegnologie verder geslyp sal word en dit in die toekoms selfs meer aangewend sal word as wat reeds die geval is vir die

hou van vergaderings, sowel as die aanbieding van onderwys en opleiding.

Ek is deur die fasiliteerder genooi om maandeliks webinaarslypskole aan te bied. Ons sal maar sien hoe dit verloop.

Die kworumvraag

Hier volg 'n enkele, belangrike vraag wat een van die teenwoordiges na afloop van die geleentheid aan my gerig het.

Bestuursreël 16 is tot dusver deur vele trustees en bestuurs-agente, asook deur my, verkeerd geïnterpreteer. Die reël hou verband met kworumvereistes by trusteevergaderings en lui soos volg:

- By 'n vergadering van trustees vorm 50% van die getal trustees, maar nie minder nie as twee, 'n kworum.

- Indien die getal trustees minder word as die getal wat nodig is om 'n kworum daar te stel, kan die oorblywende trustee of trustees voortgaan om op te tree, maar slegs ten einde bykomende trustees aan te stel of te koop teer ten einde 'n kworum daar te stel of ten einde 'n algemene vergadering van eienaars te belê.

Ingevolge Bestuursreël 8 kan die trustees enige vakature in hul geleedere aanvul.

Die lede is natuurlik ook by



Bestuursreël 16 is tot dusver deur vele trustees, asook deur my, verkeerd geïnterpreteer.

magte om addisionele trustees aan te stel by wyse van verkiesing op 'n spesiale algemene vergadering.

Die oogmerk van 16 (2) is dus óf om 'n trustee(s) aan te stel om 'n kworum te kan vorm óf om by wyse van 'n algemene vergadering die nodige trustees te laat verkies.

Die vraag wat ontstaan, hou verband met die woorde “vorm 50% van die getal trustees” in subreël (1) sowel as “minder word as die getal wat nodig is om 'n kworum daar te stel” in subreël (2).

Hoe word die kworum vasgestel?

Hoe word 50% van die getal trustees bereken? Is dit volgens die getal dienende trustees, of is dit volgens die aantal trustees wat op die algemene jaarvergadering bepaal is?

Hierdie vraag kom slegs ter sprake indien een of meer van

die trustees bedank het of hul dienste as trustees op 'n ander wyse beëindig is.

In sodanige gevalle sal daar minder trustees wees as wat op die algemene jaarvergadering deur die lede bepaal was.

Die algemene opvatting tot dusver was dat die 50%-kworumvereiste altyd bereken word met verwysing na die aantal dienende trustees – gevolglik word die vereiste kworum kleiner namate die getal trustees vermindert.

Maar is dit korrek, of moet dit bereken word met verwysing na die getal trustees wat die lede op die algemene vergadering vasgestel het?

Die Interpretasie

Wat was die wetgewer se bedoeling toe Bestuursreël 16 neergeleë is?

Indien die “populêre siening” korrek is en die kworum altyd bepaal word volgens die aantal dienende trustees, sal die kworumvereiste voortdurend verminder en sal daar altyd genoeg dienende trustees wees om 'n kworum te kan vorm – totdat net een trustee oor is.

Ongeag die getal trustees wat die lede dus bepaal het, sal subreël 16 (2) slegs in werking tree indien net een oorblywende trustee in diens is.

Volgens die woorde van 16 (2) verstaan die wetgewer egter duidelik dat daar meer as een trustee kan wees, maar dat hulle minder geword het as die getal wat nodig is om 'n kworum daar te stel.

Die gevolgtrekking

Dit lei tot die gevolgtrekking dat die kworum altyd bereken moet word volgens die aantal trustees wat die lede op die algemene jaarvergadering vasgestel het.

Die tweede gevolgtrekking is dan dat daar inderdaad op die trustees die plig rus om stappe te doen om aanvullende trustees aan te stel wanneer iemand bedank of van sy pos onthef word. Eintlik maak dit heeltemal sin. Want indien die lede by stemming bepaal het dat hulle byvoorbeeld sewe trustees sal wil hê, hoe kan die trustees eiehandig besluit vyf of ses is voldoende?

Geldige vergaderings?

Indien my interpretasie korrek is, wat ek glo dit wel is, is ek bevrees dat vele trusteevergaderings al plaasgevind het waar die voorgeskrewe kworum nie teenwoordig was nie – met moontlike ernstige gevolge ten opsigte van die geldigheid van besluite wat op sekere vergaderings geneem was.